VOLVO–GIDSBLAD

VOLVO – DIE VEILIGSTE MOTOR

'n Sterk aanspraak, maar ons kan bewys wat ons sê. Wanneer 'n mens 'n nuwe motor koop, wil jy nie aan ongelukke dink nie. In Suid-Afrika word daar egter elke jaar duisende mense vermink en gedood. Dit is dus goed om te weet die Volvo bied jou altyd maksimum beskerming.

Volvo se Afdeling Ongeluksnavorsing in Gothenburg, het in noue samewerking met die Sweedse Ongeluk-statistiek-Owerheid met verbasende bevindings vorendag gekom. In 1973 was 569 motorvoertuie in Swede in noodlottige ongelukke betrokke. 644 mense (bestuurders en passasiers) is in hierdie ongelukke oorlede.

Minder noodlottige ongelukke in Volvo's.
Gegrond op hulle aandeel in die motormark, plus die feit dat Volvo se 140-reeks en 164 15% meer as die gemiddelde motor in Swede voorkom, is daar verwag dat Volvo's in 74 van die totale aantal noodlottige ongelukke betrokke sou wees. Die ondersoek het egter getoon dat Volvo's slegs in 29 ongelukke betrokke was (39% van die verwagte hoeveelheid!).

Dis bewys dat Volvo's minstens 70% veiliger in trompopbotsings is.
Volvo se navorsingsgroep het ook die verskillende soorte ongelukke ondersoek en Volvo se veiligheid in elke situasie ontleed. Trompopbotsings (met 'n motorvoertuig, vragwa, bus, boom, straatteken, ens.) het die meeste voorgekom. Die ontleding het aan die lig gebring dat die Volvo 140-reeks en 164 in slegs 29% van die verwagte noodlottige ongelukke betrokke was!

82% oorlewingspeil in Volvo.

Daar is ook vasgestel dat die ingeboude Volvo-veiligheid werklik doeltreffend is in noodlottige ongelukke.

Slegs 18% van die totale aantal Volvo's wat in ongelukke betrokke was, het noodlottige beserings tot gevolg gehad ('n oorlewingspeil van 82%!).
Die tweede beste motor van min of meer dieselfde grootte se oorlewingspeil was 69%. Die gemiddelde oorlewingsyfer vir alle ander fabrikate met 'n verteenwoordiging van meer as 100 000 geregistreerde voertuie, was slegs 34%.

Werklike ongeluks-veiligheid van die Volvo 140-reeks en 164 vergelyk met die verwagte veiligheid.	Werklike getal noodlottige ongelukke.	Verwagte getal noodlottige ongelukke.
Botsings met voertuie wat in dieselfde rigting beweeg.	1	3
Botsings met voertuie wat in die teenoorgestelde rigting beweeg.	10	31
Botsings met voertuie van enige kant. 	7	11
Enkel-ongelukke.	11	29
Totaal	29	74

Die veiligste van alles in 'n Volvo is uself.

Dink daar-aan.